**INHOUD**


**1. ALGEMENE INLIGTING** **2**

1.1 Visie, Missie en Waardes 2
1.2 Organisatoriese Struktuur 3
1.3 Wetgewende Mandaat 4
1.4 Voorlegging van die Jaarverslag aan die Uitvoerende Gesag 6
1.5 Voorsitter se Voorwoord 7
1.6 Kerndoelstellings 9
1.7 Verklaring van Verantwoordelikheid 9
1.8 Grondslag waarop die Finansiële Jaarstate voorberei is 9

**2. INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELWITTE** **10**

2.1 Oorhoofse prestasie 10
2.1.1 Fondse goedgekeur 10
2.1.2 Strategiese Uitkomsgeoriënteerde doelwitte 10
2.1.3 Oorsig van die Diensleweringsomgewing vir 2011/2012 10
2.1.4 Oorsig van die Organisatoriese omgewing vir 2011/2012 10
2.1.5 Hoofbeleidsontwikkeling en Wetgewende veranderinge 11
2.1.6 Inkomste, Uitgawes 11
2.2 Programprestasie 13
2.3 Ander rapporteerbare aktiwiteite 13

**3. FINANSIËLE JAARSTATE** **16**

3.1 Verslag van die Ouditkomitee 16
3.2 Rekenpligtige Beampte se Verslag 20
3.3 Verslag van die Ouditeur-Generaal 26
3.4 Staat van Finansiële Posisie 29
3.5 Staat van Finansiële Prestasie 30
3.6 Staat van veranderinge in netto bates 31
3.7 Kontantvloeistaat 32
3.8 Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate 33

**4. MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR** **46**

4.1 Taalkomiteelede 46
4.2 Uitvoering van pligte 46

**5. ANDER INLIGTING** **48**

5.1 Akronieme 48
5.2 Lys van kontakbesonderhede 48
5.3 Bykomende inligting 48

## 1. ALGEMENE INLIGTING

## 1.1 VISIE, MISSIE EN WAARDES

### VISIE

Die bemagtiging van al die mense van die Wes-Kaap deur taal, die verbreding van menslike waardigheid deur respek vir mekaar se tale, en die bevordering van veeltaligheid.


### MISSIE

Moniteer die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en adviseer die provinsiale Minister verantwoordelik vir taalsake, asook die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) oor taalsake in die provinsie of taalsake wat op die provinsie van toepassing is.

### WAARDES

- Aanspreeklikheid;
- Integriteit;
- Bevoegdheid;
- Sorg; en
- Responsiwiteit.

## 1.2 ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## 1.3 WETGEWENDE MANDAAT

Die regsgeldige raamwerk waarbinne die Wes-Kaapse Taalkomitee werk, behels die volgende:

### DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996 (WET 108 VAN 1996)

- Hoofstuk 1: Grondliggende Bepalings, artikel 6.
- Hoofstuk 2: Handves van Menseregte, artikels 9(3), 29(2), 30, 31 en 35(3)(k).
- Hoofstuk 3: Samewerkende regering. Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 aangaande die funksionele gebiede van gesamentlike nasionale en provinsiale wetgewende gesag, bv. die gesamentlike nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid van die provinsie van die Wes-Kaap ingevolge die Grondwet van die RSA met betrekking tot kulturele sake, waaronder tale. Wetgewing wat reeds in hierdie opsig deur die nasionale Parlement uitgevaardig is, sluit in die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995).
- Hoofstuk 9: Staatsinstellings wat grondwetlike demokrasie ondersteun, artikel 185.

### DIE GRONDWET VAN DIE WES-KAAP, 1998 (WET 1 VAN 1998)

- Artikel 5: Die drie amptelike tale van die Wes-Kaap is Engels, isiXhosa en Afrikaans en hulle geniet gelyke status. Die Wes-Kaapse regering, deur middel van wetgewing en ander maatreëls, moet die gebruik van hierdie tale moniteer en ook praktiese en aktiewe stappe doen om die status van die Wes-Kaap se inheemse tale, waarvan die status en gebruik histories afgeneem het, te bevorder.

### DIE WET OP DIE PAN-SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD, 1995 (WET 59 VAN 1995)

- Soos gewysig deur die Wysigingswet op Staatsdienswette, 1997 (Wet 47 van 1997) en die Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1999 (Wet 10 van 1999).

## DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE TALEWET, 1998 (WET 13 VAN 1998)

- Artikel 13: Die meeste van die bevoegdhede en aktiwiteite van die Taalkomitee word in die Talewet uiteengesit.
- Ander wetgewende mandate waarbinne die Wes-Kaapse Taalkomitee werk, is die volgende:
  - Die Wysigingswet op die Staatsdienswette, 1997 (Wet 47 van 1997);
  - Die Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1999 (Wet 10 van 1999);
  - Die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998);
  - Die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998);
  - Die Wet op Kultuursake, 1989 (Wet 65 van 1989);
  - Die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998);
  - Die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999);
  - Die Nasionale Tesourieregulasies, 25 Mei 2002;
  - Die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000);
  - Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000); en
  - Die Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis, 1996.

## 1.4 VOORLEGGING VAN DIE JAARVERSLAG AAN DIE UITVOERENDE GESAG

In ooreenstemming met artikel 55(1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en in ooreenstemming met artikel 28.2 van die Nasionale Tesourieregulasies, lê ek hiermee die jaarverslag oor die aktiwiteite van die Wes-Kaapse Taalkomitee en die geouditeerde finansiële state vir die boekjaar 2011/2012 voor.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee is in 1998 ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998) gestig. Die Taalkomitee bestaan uit tien lede aan wie die primêre verantwoordelikheid opgedra is om die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport te adviseer oor sake wat betrekking het op taalgebruik in die Wes-Kaap. Dr. Nomfundo Mali, Provinsiale Bestuurder van PanSAT, dien as 'n ex officio-lid op die Komitee. Regeringslede wat op die Komitee dien, is nie geregtig op vergaderingstoelaes nie, en ontvang slegs onderhouds- en reistoelaes. Op 28 Junie 2011 het mnr. Zola Wababa bedank en daar was geen nuwe aanstelling nie.

Die Wet ken aan die Komitee die magte en funksies toe om aktief die ontwikkeling van voorheen agtergeblewe inheemse tale en die beginsels van veeltaligheid te bevorder, asook om die implementering van die Taalbeleid te moniteer.

Die magte en funksies van die Komitee word vervat in strategiese doelwitte wat aangedui word in 'n jaarlikse prestasieplan wat aan die provinsiale Minister verantwoordelik vir taalsake in die Wes-Kaap voorgelê en deur hom goedgekeur word.



Me. Jane Stuurman-Moleleki

**REKENPLIGTIGE BEAMPTE: WES-KAAPSE TAALKOMITEE**

16 Mei 2012

## 1.5 VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE

Voorsitter en Lede

Die Grondwet van die Wes-Kaap wat in 1998 aanvaar is, voorsien vir die gelyke status van Engels, Afrikaans en isiXhosa en vereis praktiese en positiewe maatreëls om die status en gebruik van die inheemse tale in die provinsie te verhoog. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) is 'n statutêre liggaam wat gelyke status vir die drie amptelike tale moet verseker. Dit het ook 'n mandaat om die provinsiale Minister en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad oor taalsake in die Wes-Kaap van raad te bedien.

Oor die afgelope twaalf jaar was ek betrokke by die werk van die Komitee, waarvan ses jaar daarvan as Voorsitter was. Ek kan met genoeë verslag doen dat in daardie tydperk met die bevordering van veeltaligheid groot vordering gemaak is. 'n Onlangse hoogtepunt was die daglange konferensie op 20 Februarie 2012, 'Die status van veeltaligheid in die Wes-Kaap' deur die Taalkomitee georganiseer om Internasionale Moedertaaldag te vier. Die byeenkoms is deur hooggeplaastes, akademici en deelnemers uit die taalgemeenskap toegespreek.

Taal is meer as net 'n kommunikasiemedium. Dit is 'n instrument vir nasiebou en vir mense om met mekaar te skakel en eie identiteit, kultuurwaardes en wêreldmening uit te druk. Dit is belangrik dat die elf tale se regte in ons nasionale grondwet beskerm word. Sedert die koms van demokrasie is daar egter min gedoen om te verseker dat inheemse tale hul regmatige plek inneem. 'n Belangrike ontwikkeling is die Parlement se finalisering van die Wetsontwerp op die Gebruik van Amptelike Tale om te voldoen aan 'n regsbevel om 'n nasionale talewet te aanvaar. Die Taalkomitee het die Minister met betrekking tot hierdie Wet oor die belang van taalregte adviseer.

Hoewel daar van alle provinsiale departemente vereis word om aan die beleid gehoor te gee, voldoen nie alle departemente volledig aan die vereiste nie. In sy Begrotingstoespraak het die Minister met goedkeuring verwys na Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha se Suid-Afrikaanse Gebaretaal-klasse vir horendes. Hy het ook verwys na die provinsiale Departement van Landbou se publikasie van 'n drietalige woordeboek met landbou-verwante woorde. Dit getuig van die Wes-Kaap se strewe na die doelwit van maatskaplike insluiting deur al drie amptelike tale te ondersteun.

Die Taalkomitee het hul modus operandi verander. Aanvanklik het die Komitee toelaes aan taalverwante projekte befonds, maar dit fokus nou op vennootskappe om sy strategiese doelwitte te bereik. Oor die afgelope tien jaar is steun verleen aan Nama-taalklasse en


-publikasies, die leer en onderrig van Suid-Afrikaanse Gebaretaal, lees en skryfprojekte in isiXhosa as moedertaal, asook taalfeeste.

Dit is die Taalkomitee se mening, en my persoonlike perspektief, dat alle tale bates is wat bevorder en beskerm moet word. Finaal, voorsitter en lede, hierdie jaar bring 'n einde aan my twaalf-jaarlange verhouding met die Taalkomitee. Ek was teenwoordig toe Neville Alexander, Stan Ridge en wyle Johan Combrinck 'n taalbeleid vir die Wes-Kaap geformuleer het, en sodoende betekenis verleen het aan die begrip "drie amptelike tale". Die Wes-Kaap het leiding verskaf deur die Talewet en 'n taalbeleid in werking te stel. Ek is meer as hoopvol dat ons pionierswerk op hierdie gebied op 'n nasionale vlak nagevolg sal word.

Ek het oor die afgelope twaalf jaar 'n lang en opwindende reis met die provinsiale regering en die Taalkomitee meegemaak. Dit is egter nie 'n vaarwel nie - ek sal terug wees, al is dit in 'n ander hoedanigheid.

Ek sluit af met die gevleuelde woorde van een van die grootste Afrikaanse geeste van ons tyd, professor Adam Small. Voorsitter, ek is trots om te sê dat ek deel was van die besluit, te laat, maar darem, om Adam Small onlangs met die Hertzogprys te bekroon. Dit is 'n verering wat hy natuurlik lankal (1965) moes ontvang het, maar wat weens apartheid hom ontsê is. Sy woorde is in die vorm van 'n gebed:

"Seën hierdie taal Here,
*Afrikaans, en Kaaps,*
Wat, soes ek vi djou gesê het,
Gemaak is vi die kitaar,
Soes 'n sexy engel"



Dr. Michael le Cordeur
UITTREDENDE VOORSITTER
27 April 2012

## 1.6 KERNDOELSTELLINGS

Ingevolge artikel 13 van Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998), moet die Taalkomitee:

- Die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse regering moniteer;
- Aanbevelings aangaande enige voorgenome of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat regstreeks of onregstreeks op taalaangeleenthede van betrekking is, asook enige voorgestelde wysiging, herroeping of vervanging van sodanige wetgewing, praktyk of beleid aan die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport ("die Provinsiale Minister") voorlê;
- die toepassing van die Grondwet van die Wes-Kaap en die Talewet ten opsigte van die gebruik van tale moniteer;
- die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;
- die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder, 'n beleid hieroor formuleer en dit aan die provinsiale Minister vir oorweging voorlê; en
- die provinsiale Minister en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie van raad bedien oor enige ander taalaangeleentheid in of rakende die provinsie met betrekking tot die drie amptelike tale van die Wes-Kaap.

## 1.7 VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

- Die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999) vereis dat die Rekenpligtige Beampte volledige en behoorlike rekords oor die finansiële sake van die Wes-Kaapse Taalkomitee moet hou. Die Finansiële Jaarstate bied 'n oorsig oor die stand van die Wes-Kaapse Taalkomitee se sake, werksaamhede, finansiële resultate, prestasie teen voorafbepaalde doelwitte en finansiële posisie aan die einde van die boekjaar. Dit word ingevolge Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) gedoen.

## 1.8 DIE GRONDSLAG WAAROP HIERDIE FINANSIËLE JAARSTATE BERUS

- Die grondslag vir die voorbereiding van die Finansiële Jaarstate van die Wes-Kaapse Taalkomitee word in die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999) en die Nasionale Tesourieregulasies uiteengesit. Die nodige en toepaslike interne beheermaatreëls om wesenlike wanvoorstellings en verliese te beperk en op te spoor, is ingestel om aan die vereistes van die betrokke wetgewing te voldoen.

## 2. INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

### 2.1 OORHOOFSE PRESTASIE

#### 2.1.1 GOEDGEKEURDE FONDSE

| **Hooftoewysing R'000** | **Gewysigde toewysing R'000** | **Wesenlike bedrag bestee R'000** | **Oor-/onderbesteding R'000** |
|---|---|---|---|
| 275 | 50 | 246 | 89 |
| | | | |
| **Verantwoordelike Minister** | Minister van Kultuursake en Sport<br>Dr. Ivan Meyer | | |
| **Administrerende Dept.** | HFB-STEUN | | |
| **Rekenpligtige Beampte** | Me. Jane Stuurman-Moleleki | | |

#### 2.1.2 STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE

| | |
|---|---|
| **Strategiese Doelwit** | Om 'n kultuur van veeltaligheid in die Wes-Kaap te vestig |
| **Doelstellling** | Om 'n kultuur van veeltaligheid in die Wes-Kaap te vestig om die respek vir die kulturele diversiteit van die bevolking te verseker |
| **Regverdiging** | Om veeltaligheid in die provinsiale regering van die Wes-Kaap te bevorder om die historiese taalwanbalans reg te stel |

#### 2.1.3 OORSIG VAN DIE DIENSLEWERINGSOMGEWING VIR 2011/2012

Die Wes-Kaapse Taalkomitee het vier volle vergaderings gehou waar taalverwante sake bespreek en besluite geneem is om PanSAT en die Minister van raad te voorsien.
Die Komitee was ook verantwoordelik vir die monitering van die implementering van die Taalbeleid van die Wes-Kaap. Die Komitee het ook 'n raadgewende diens gelewer aan die Minister met betrekking tot die drie amptelike tale van die Wes-Kaap.

#### 2.1.4 OORSIG VAN DIE ORGANISATORIESE OMGEWING VIR 2011/12

Ná die bedanking van die vorige lid is die Suid-Afrikaanse Gebaretaal-vakature nog nie gevul nie. Die nuwe Komitee wat aangestel sal word, sal die vakature van die SA Gebaretaal-lid hanteer.

### 2.1.5 HOOFBELEIDSBESLUITE EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Geen

### 2.1.6 INKOMSTE, UITGAWES

| Program | Geouditeerde uitkomste | | | Wesenlike uitgawes | Beraamde medium-termyn uitgawes | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R'000 | **2009** | **2010** | **2011** | **2012** | **2013** | **2014** | **2015** |
| 1. Wes-Kaapse Taalkomitee | 407 | 409 | 156 | 288 | 213 | 227 | 238 |
| **Subtotaal** | **407** | **409** | **156** | **288** | **213** | **227** | **238** |
| **Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| | | | | | | | |
| **Totaal** | **407** | **409** | **156** | **288** | **213** | **227** | **238** |
| Verandering aan die 2012–2013 beraamde begroting | | | | – | – | – | – |

| **Ekonomiese klassifikasie** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **407** | **409** | **168** | **246** | **213** | **227** | **238** |
| Vergoeding van werknemers | 10 | 41 | 18 | 16 | 27 | 28 | 30 |
| Goedere en dienste waarvan: | | | | | | | |
| Kommunikasie | 3 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 | 2 |
| Rekenaardienste | | | | | | | |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste inventaris | 25 | 31 | 2 | 65 | 20 | 21 | 22 |
| Inventaris | 38 | 0 | 4 | 0 | 10 | 10 | 10 |
| Instandhouding, herstel en lopende koste | | | | | | | |
| Bedryfshuurkontrakte | | | | | | | |
| Reis en onderhoud | 11 | 29 | 20 | 18 | 24 | 25 | 26 |
| Ouditfooie | 118 | 56 | 99 | 110 | 80 | 88 | 92 |
| Advertensies | 51 | 17 | 0 | 16 | 0 | 0 | 0 |
| Ander | 151 | 235 | 0 | 21 | 51 | 53 | 56 |
| Rente en huur ter lande | | | | | | | |
| Finansiële transaksies in bates en laste | | | | | | | |
| **Oordragte en subsidies aan:** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| Provinsies en munisipaliteite | | | | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | | | | | | |
| Universiteite en technikons | | | | | | | |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | | | | | | | |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies | | | | | | | |
| Nie-winsgewende instellings | | | | | | | |
| Huishoudings | | | | | | | |
| **Betalings vir kapitaalbates** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | | | | | | | | |
| Gekultiveerde bates | | | | | | | | |
| Sagteware en ander nie-tasbare bates | | | | | | | | |
| Grond en ondergrondse bates | | | | | | | | |
| waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding | – | – | – | – | – | – | – | – |
| **Totaal** | **407** | **409** | **168** | **246** | | **213** | **227** | **238** |

## 2.2 PROGRAMPRESTASIE

### 2.2.1: Verwesenliking van strategiese doelwitte gedurende die 2011/2012 boekjaar

| Strategiese doelwit | Prestasie-aanduider | Teiken | Wesenlik |
|---|---|---|---|
| Moniteer en adviseer oor die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die provinsiale regering | Moniteer die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur 'n jaarlikse peiling | 1 | 1 |
| | Publiseer jaarverslag vir die WKTK | 1 | 1 |
| | Adviseer Minister, Kultuurkommissie en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad oor taalsake m.b.v. verslae en besprekings gedurende kwartaallikse beplanningsvergaderings | 4 | 4 |
| **Redes vir groot afwykings:** Nie van toepassing. | | | |

## 2.3 ANDER RAPPORTEERBARE AKTIWITEITE

### Narratief oor Programprestasie

Vir die verslagjaar het die Komitee onderneem om voort te gaan met die monitering van die implementering van die Taalbeleid deur verdere navorsing te onderneem oor tolkdienste wat in die Provinsiale Parlement gelewer word. Die oogmerk van die projek was om deur middel van 'n vraelys wat aan die wetgewers self gegee is, vas te stel hoe hulle die tolkdienste in die wetgewer ervaar. 'n Totaal van 42 vraelyste is in Maart 2011 uitgestuur waarvan 16 voltooi en terugbesorg is. Die verslag se bevindinge is gegrond op die antwoorde en bevat duidelike aanbevelings.

Die Speaker is ingelig oor die uitkomste van die vraelys en verdere navorsing deur die Taalkomitee geborg, is aanbeveel. Met sy goedkeuring is verdere navorsing onderneem oor hoe die aanbevelings in die vorige verslag opgevolg kan word. Die navorsing het tot verdere aanbevelings tot gevolg gehad, spesifiek oor hoe die diens meer aanvaarbaar vir 'n instelling soos die Provinsiale Parlement kan wees. Een van die aanbevelings is dat 'n bewustheids-veldtog oor die waarde van 'n goeie tolkdiens as 'n noodsaaklike kommunikatiewe instrument in 'n veeltalige omgewing geloods moet word.

Dit is voorgestel dat gebruikers opgelei word oor die tegniese aspekte van die tolktoerusting om te verseker dat dit optimaal benut word. 'n Verdere voorstel was dat die Stad Kaapstad se

benadering aanvaar word, waar die tolkdiens na afloop van elke vergadering geëvalueer word, sodat probleme geïdentifiseer en feitlik onmiddellik reggestel kan word.

Internasionale Moedertaaldag is deur die Taalkomitee gevier met 'n konferensie "Die stand van veeltaligheid in die Wes-Kaap". Minister Ivan Meyer en 'n aantal taalspesialiste was onder die vooraanstaande sprekers. Dit is gekonstateer dat taal nie net 'n kommunikasiemedium is nie, maar dat dit onlosmaaklik aan identiteit gekoppel is en mense in staat moet stel om hulle drome te verwesenlik. Suid-Afrikaners moet mekaar se tale leer om mekaar beter te verstaan. Minister Meyer het voorgestel dat dit tyd is om verby debatte te beweeg en meer aktief betrokke te wees in die stryd om veeltaligheid in die Wes-Kaap. Hy het gesê dat prominente persone ambassadeurs vir hulle moedertale moet word.

Dr. Neville Alexander het gepraat oor die behoefte vir moedertaalgebaseerde onderwys en dat dit belangrik is om tale as bates te beskou. Prof. Rajendra Chetty het gepraat oor hoe 'n goeie kennis van Engels noodsaaklik is vir leerders om hulself te bemagtig, terwyl dit terselfdertyd ook noodsaaklik is om die oorheersing van Engels uit te daag. Hy het ook genoem dat daar 'n duidelike behoefte is om die gehalte van onderwys in Engels te verbeter. Prof. Stanley Ridge het die noodsaak vir wisselwerking tussen Engels en die ander tale beklemtoon. Indien taal nie 'n mens kan bemagtig om 'n bestaan te voer nie, is dit van geen nut nie. Mnr. Johan Blaauw het gedemonstreer hoe taaldiversiteit eerder 'n geleentheid bied as 'n probleem, en ook baie goedkoop is (slegs 1% van die oorhoofse begroting van die Noordwes Universiteit word gebruik om simultane tolking tydens lesings te lewer). Die gevolgtrekking was dat die Wes-Kaapse Talewet vir 'n mensgesentreerde benadering voorsiening maak. Terwyl sodanige planne goed is, kan hulle slegs geïmplementeer word indien daar voldoende hulpbronne is.

Die Taalkomitee het 'n bydrae gelewer tot die aktiewe ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale, onder andere Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Dit is bewerkstellig deur die befondsing van die SA Gebaretaal-kommunikasieklubs by die Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha. Die deelnemers het bestaan uit onderwysers en ouers en voogde van die dowe leerders by Noluthando Skool. Die doelwitte van die projek het ingesluit die ontwikkeling van SA Gebaretaal as 'n voorheen gemarginaliseerde taal, skepping van 'n bewustheid van die behoeftes van die dowe gemeenskap, die verbetering van verhoudings deur die bevordering van taaldiversiteit, en die opleiding van potensiële SA Gebaretaaltolke as 'n werkskeppingsinisiatief. Ten einde die standaard van SA Gebaretaal-opleiding by die skool te bepaal, is besluit om die projek te evalueer. Die tender is aan die Universiteit van Vrystaat toegeken, wat verskeie aanbevelings gemaak het, onder andere dat spesialisopleiding in SA Gebaretaal aan die onderwysers en personeel van Noluthando Skool vir Dowes voorsien word.

Ná hul samesprekinge tydens die jaar se vier geskeduleerde beplanningsvergaderings het die Taalkomitee PanSAT raad gegee oor taalsake in die provinsie en wat op die provinsie van betrekking is.

**2.3.1: Beplanningsvergaderings en hulle uitkomste**

| VERGADERINGSDATUM | HOOFBESPREKINGS EN BESLUITE |
|---|---|
| 25 Mei 2011 | • Die vraelyste wat as deel van die tolkpeiling van die Provinsiale Parlement ontvang is, is ontleed en aanbevelings is gemaak.<br>• Dit is besluit dat die saak oor die term "isiBhulu" op die Agenda moet bly totdat dit opgelos is. |
| 17 Augustus 2011 | • Lede is gevra om hulle kommentaar oor die Wetsontwerp op die Gebruik van SA Tale voor te lê as raad aan die Minister.<br>• Komiteelede word uitgenooi om 'n vergadering van belanghebbendes oor die Oorsig van Openbare Entiteite by te woon.<br>• Die Komitee is ingelig oor die stigting van die XhosAfrika Netwerk. |
| 16 November 2011 | • Die Komitee het gesien dat goedkeuring verkry is vir verdere navorsing oor die tolkdienste in die Provinsiale Wetgewer.<br>• Die Jaarlikse Prestasieplan is gewysig.<br>• Die Komitee is ingelig dat die benoemingsproses vir nuwe Komiteelede begin het.<br>• Die Komitee het besluit om die Minister van raad te voorsien oor die Wetsontwerp op die Gebruik van SA Tale.<br>• Die Komitee het voorgestel om 'n konferensie aan te bied ter viering van Internasionale Moedertaaldag. |
| 26 Maart 2012 | • Dit is besluit dat aanbevelings van die tolkpeiling aan die Provinsiale Parlement gestuur moet word.<br>• Ontvangs van die verslag oor die assessering van SA Gebaretaal is erken.<br>• Die verslag oor Internasionale Moedertaaldag is bespreek. |

Die Taalkomitee het ook aanbevelings oor die Wetsontwerp op die Gebruik van SA Tale aan die Minister gemaak nadat hierdie saak op 'n beplanningsvergadering bespreek is. Die Voorsitter het ook hieroor en oor ander taalverwante sake met die Minister vergader.

## 3. FINANSIËLE JAARSTATE

### 3.1 Verslag van die Ouditkomitee

Dit is ons voorreg om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2012 voor te lê.

**Ouditkomiteelede en bywoning**

Ingevolge Kabinetresolusie 55/2007 word die Wes-Kaapse Taalkomitee deur die Sosiale Klusterouditkomitee gedien. Die Ouditkomitee bestaan uit onderstaande lede en moet volgens hul goedgekeurde voorwaardes ten minste vier keer per jaar ontmoet. Gedurende die afgelope jaar is sewe vergaderings gehou.

| Naam van Lid | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|
| Mnr. R Kingwill (Voorsitter) | 7 |
| Mnr. Z Hoosain | 7 |
| Mnr. L van der Merwe | 6 |
| Adv. M Mdludlu (kontrak het 31 Desember 2011 verstryk) | 6 |
| Me. A Jones (kontrak het 31 Desember 2011 verstryk) | 5 |
| Mnr. M Burton (op 1 Januarie 2012 aangestel) | 1 |

Verskonings is aangebied en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Kworum van lede was teenwoordig op alle vergaderings.

**Verantwoordelikheid van Ouditkomitee**

Die Ouditkomitee doen verslag dat dit aan sy verantwoordelikhede voldoen soos vermeld in **artikel 51(1) (a) van die WBOF en Tesourieregulasie 27.1.** Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit 'n geskikte formele verwysingsraamwerk as hul Ouditkomiteehandves aanvaar het, hul sake in ooreenstemming met hierdie handves gereguleer het en al hul verantwoordelikhede soos daarin vervat, uitgevoer het.

**Die doeltreffendheid van interne beheer**

In ooreenstemming met die WBOF en die King III-Verslag oor Korporatiewe Bestuursvereistes, voorsien Interne Oudit die Ouditkomitee en Bestuur met die versekering dat die interne beheer voldoende en doeltreffend is. Dit word verwesenlik deur 'n risiko-gebaseerde Interne Ouditplan waardeur Interne Oudit assesserings- of risikobeheermaatreëls voldoende is en die Ouditkomitee implementering van regstellende aksie moniteer.

Ons het die verslae van die Interne Ouditeurs, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika bestudeer. Behalwe die sake wat vermeld word in die Ouditeur-Generaal se Oudit- en Bestuursverslae en die sake hieronder beklemtoon, word geen wesenlike tekortkominge in die interne beheerstelsel waargeneem nie:

**Gebiede wat deur die Interne Oudit vir verbetering aangedui is**

Gedurende die jaar het Interne Oudit groot tekortkominge ten opsigte van beheer op die volgende gebiede:

- Programprestasie

Bestuur het tot regstellende optrede ingestem en dit word deur die Ouditkomitee gemoniteer.

**Doeltreffendheid en doelmatigheid van risikobestuur**

Ondernemingsrisikobestuur vir die entiteit word deur die ouerdepartement van Kultuursake en Sport hanteer.

**Die gehalte van in-jaar bestuur en kwartaallikse verslae voorgelê ingevolge die WBOF en die Wet op die Verdeling van Inkomste**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae van die entiteit wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekeningkundige Gesag voorberei en uitgereik is.

**Evaluering van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- Die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag ingesluit sal word, met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampte bestudeer en bespreek;
- Die Ouditeur-Generaal se Bestuursverslag en Bestuur se reaksie daarop bestudeer;
- Veranderinge aan rekeningkundige beleidsrigtings en praktyke soos in die Finansiële Jaarstate berig, bestudeer;
- die entiteite se prosesse vir voldoening aan regs- en regulatoriese bepalings bestudeer;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos berig in die Jaarverslag bestudeer;
- Die interim finansiële state wat deur die entiteit vir die ses maande wat eindig op 30 September 2011 voorgelê is, bestudeer en waar toepaslik, veranderinge aanbeveel; en
- wysigings wat uit die oudit voortspruit, bestudeer.

Die Ouditkomitee is in ooreenstemming met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se mening ten opsigte van die Finansiële Jaarstate en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met die Verslag van die Ouditeur-Generaal gelees word.

**Interne Oudit**


Die Ouditkomitee doen verslag dat die entiteit se dienste deur die Departement van Kultuursake en Sport gelewer word en die interne beheer-tekortkominge word op departementele vlak aangemeld.

**Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika ontmoet om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese oudit voortgespruit het nie. Regstellende optrede ten opsigte van die gedetailleerde bevindinge wat uit die huidige regulatoriese oudit voortspruit, sal steeds op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

**Waardering**

Die Ouditkomitee spreek graag hul waardering uit aan die amptenare van die Departement, aan die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika en aan die Interne Oudit-eenheid vir die samewerking en inligting wat hulle voorsien het om ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.



**Voorsitter van die Sosiale Kluster Ouditkomitee**
**Datum: 14 Augustus 2012**

## 3.2 REKENPLIGTIGE BEAMPTE SE VERSLAG

In die lig van sy kerndoelstellings van monitering en advisering, en gebaseer op die aanbevelings van die vorige peiling wat oor tolking in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gedoen is, het die Taalkomitee besluit om verdere navorsing aan te vra oor hoe om die tolking in die Wetgewer te verbeter. Die diensverskaffer se verslag met verskeie aanbevelings is aan die Speaker voorgelê.

Die Taalkomitee het die doelstelling van monitering van die implementering van die provinsiale taalbeleid bevorder deur 'n kollokwium "Die stand van veeltaligheid in die Wes-Kaap" aan te bied. Deelnemers het aangedui hoe die implementering van die Taalbeleid in die verskeie departemente vorder en verskeie vooraanstaande taalkenners het tot die daglange besprekings bygedra.

Na afloop van 'n vergadering met die Taalkomitee, het die Minister versoek dat 'n bykomende betaling van R50 000 uit die Departement Kultuursake en Sport na die Wes-Kaapse Taalkomitee vir die ontwikkeling van SA Gebaretaal oorgedra word. Die meeste van hierdie geld is benut om opleiding by die Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha en die evaluering van die opleidingstandaard deur 'n onafhanklike diensverskaffer te befonds. Die Taalkomitee het ook 'n betekenisvolle rol gespeel in die advisering van die Minister oor die Wetsontwerp op die Gebruik van SA Tale.

### ALGEMENE OORSIG VAN DIE STAND VAN SAKE

Die Taalkomitee se driejarige termyn het op 26 Maart 2012 verstryk en die proses om nuwe lede aan te stel, het begin. Die nuwe Komitee word deur die Minister aangestel.

### DIENSTE GELEWER DEUR DIE OPENBARE ENTITEIT

Ingevolge artikel 13 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998), het die Wes-Kaapse Taalkomitee 'n reeks aktiwiteite ingevolge die volgende magte en pligte, soos in die Wet gestipuleer, onderneem:

- Die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse regering gemoniteer;
- Aanbevelings gemaak aan die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport en die Provinsiale Parlement ten opsigte van enige voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek met taalsake te doen het, asook ten opsigte van enige voorgestelde wysiging of herroeping, of vervanging van sodanige wetgewing, praktyk of beleid;

- Moniteer die toepassing van die Grondwet van die Wes-Kaap en hierdie Wet ten opsigte van die gebruik van tale;
- Bevorder aktief die beginsel van veeltaligheid;
- Bevorder aktief die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale, formuleer 'n beleid in hierdie opsig en lê dit voor aan die provinsiale Minister vir oorweging; en
- Adviseer die provinsiale Minister en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor enige taalsaak in die Wes-Kaap of ten opsigte van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap.

## TARIEFBELEID

Die Wes-Kaapse Taalkomitee hef geen tariewe nie.

## KAPASITEITSBEPERKINGE

Tydens die oorsigperiode het 'n Komiteelid wat isiXhosa verteenwoordig het, bedank. Hierdie vakature sal gevul word met die aanvang van die nuwe Taalkomitee se ampstermyn.

## BENUTTING VAN SKENKERSFONDSE

Nie van toepassing nie.

## SAKE-ADRES

Die Wes-Kaapse Taalkomitee se geregistreerde sake-adres is:

Protea Assuransiegebou
Groentemarkplein
KAAPSTAD
8000

## BEHEERDE ENTITEITE EN OPENBARE ENTITEITE

Nie van toepassing nie.

## KORPORATIEWE BESTUURSREËLINGS

### BEDROG EN RISIKOBESTUUR

Die Entiteit beskik oor 'n aktiewe Bedrog- en Risikobestuurskomitee wat verteenwoordigend is van al die senior bestuurders van die entiteit. Die Bedrogvoorkomingsplan is bestudeer en goedgekeur deur die Minister. Bedrogs-, diefstal- en korrupsiebewustheidsveldtogte is gevoer om die begrip oor en bewustheid van bedrog, diefstal en korrupsie oor te dra. Alle werknemers het ‘n Gedragskode onderteken wat op ‘n voortgehoue basis toegepas word.

Ondernemingsrisikobestuur (ORB) word sentraal gelokaliseer in die Departement van die Premier. Die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuurseenheid (PORBE) het die Departement bygestaan met fasilitering van risikoregistrasie-oorsigte en opdaterings. 'n Implementeringsplan is met PORBE onderteken om te verseker dat risiko's voortdurend bestuur en verminder word.

### INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE

Die aktiwiteite van die Entiteit word deur die Provinsie se Gedeelde Sosiale Kluster-ouditkomitee ondersoek. Die Komitee het die interne ouditplan vir die 2011/12-boekjaar goedgekeur. Alle beplande interne oudits is vir die oorsigperiode uitgevoer. Die interne ouditdekking is op die Departement van Kultuursake en Sport se strategiese risiko-register gebaseer.

Die entiteit het 'n doeltreffende Ouditkomitee gehad wat ingevolge 'n goedgekeurde verwysingsraamwerk opgetree het. Dit het verskeie kere gedurende die boekjaar ontmoet om die doeltreffendheid van interne beheerstelsels, die interne ouditfunksie en die Entiteit se risikogebiede te peil.

### INTERNE BEHEER

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Beampte om voortdurend die interne beheer te assesseer en te evalueer om te verseker dat die bestaande beheeraktiwiteite doeltreffend, doelmatig en deursigtig is, en opgedateer word wanneer nodig. Om dit te bewerkstellig, is kwartaallikse kernbeheervergaderings met die Ouditeur-Generaal belê, asook met programbestuurders van die entiteit en die Minister. Dit is 'n voortgaande proses om te verseker dat die entiteit in die toekoms skoon oudits kry.

## RAMPHERSTEL EN SAKE-VOORTSETTINGSPLANNE

Rampherstel en Sake-voortsettingsplanne is ontwikkel en goedgekeur vir alle kantore van die Departement van Kultuursake en Sport om die algemene riglyne wat in die geval van 'n ernstige ontwrigting (of die moontlikheid daarvan) gevolg moet word, te beklemtoon. Sodanige ontwrigting sal 'n uitwerking op die aktiwiteite van die Departement en die entiteit hê.

## VERANTWOORDELIKHEDE VAN REKENPLIGTIGE BEAMPTE

Die entiteit het beleidsrigtings en prosedures geïmplementeer om die Rekenpligtige Beampte te ondersteun om te voldoen aan artikels 51, 52 en 54 van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies(WBOF).

## ANDER ORGANISASIES AAN WIE OORDRAGSBETALINGS GEMAAK IS

Geen oordragbetalings is tydens die 2011/12-boekjaar deur die Wes-Kaapse Taalkomitee aan ander organisasies gemaak nie.

## OPENBAAR-PRIVAAT-VENNOOTSKAPPE (OPVs)

Nie van toepassing.

## GESTAAKTE AKTIWITEITE / AKTIWITEITE WAT GESTAAK GAAN WORD

Geen dienste of aktiwiteite is gedurende die boekjaar gestaak nie.

## NUWE/VOORGENOME AKTIWITEITE

Die Uitvoerende Gesag het die Jaarlikse Prestasieplan vir die Wes-Kaapse Taalkomitee vir die 2012/13-boekjaar goedgekeur.

## GEBEURE NÁ DIE BALANSSTAATDATUM

Geen.

## PRESTASIE-INLIGTING

Die prestasie-inligting word in Afdeling 2 van die Jaarverslag voorsien.

## SKOOR-RESOLUSIES

| Agtergrond en SKOOR-kommer | SKOOR-aanbeveling | Optrede om resolusies uit te voer |
|---|---|---|
| | **1.1 Die Komitee het die volgende gelet:** | |
| | (a) Die Komitee neem kennis van die verbetering op voorafbepaalde doelwitte, maar het hul kommer uitgespreek oor die agteruitgang van die voldoening aan wetgewing en regulasies; en | Die agteruitgang is weens die nie-voldoening aan 'n Praktyknota waardeur die toekennings aan diensverskaffers gemaak word, sonder dat hulle 'n verklaring ingedien het of hulle staatsamptenare is, of met enige persoon in die Staatsdiens 'n verbintenis het. Die Entiteit voldoen nou volledig aan die Praktyknota. |
| | (b) Dit dra ook kennis van die goeie werk om te verseker dat die interne ouditplan voltooi word, maar het hul kommer oor kapasiteitsaspekte in die Interne Oudit uitgespreek. | As deel van die MTUR-proses, is 'n beleidsopsie vir bykomende fondse deur die Departement van die Premier, die oorsighouer van die Interne Ouditfunksie, aan die Provinsiale Tesourie voorgelê. Dit is nie goedgekeur nie en geen bykomende fondse is ontvang nie. Die Hoofdirektoraat probeer weer om bykomende fondse te verkry om die Interne Ouditfunksie moontlik te maak. |
| | **1.2 Die Komitee het die volgende sake wat kommer wek, beklemtoon:** | |
| | (a) Die Entiteit het nie voldoen aan Praktyknota 7, soos in die Tesourie-regulasies nie. Toekennings is gemaak aan diensverskaffers wat nie 'n verklaring ingedien het of hulle staatsamptenare is of enige verbintenis met enigiemand in die Staatsdiens het nie; en | Die Ouditeur-Generaal se aanbeveling is op 1 Augustus 2011 geïmplementeer. Verklarings van diensverskaffers met wie die departement tydens die periode 1 April 2011 tot 31 Julie 2011 gewerk het, is ingevorder om voldoening aan die vereistes van die Tesourie-regulasie en Praktyknota te bewerkstellig. |

| | | |
|---|---|---|
| | (b) Daar was geen rampherstelplan nie en meesterleer-wysigings is nie deur die geskikte bestuursvlak goedgekeur nie. Daar was geen verifikasieprosedures om te verseker dat die veranderinge korrek uitgevoer word en dat dit teen 30 Junie 2012 in ooreenstemming was met insetvorms nie. | Die rampherstelplan is goedgekeur en op 5 April 2011 geïmplementeer.<br><br>Verifikasieprosedures is vanaf 1 April 2011 geïmplementeer. |
| | Die Komitee het erken dat die Entiteit die finansieel ongekwalifiseerde oudit behaal het met bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte en nakoming van wetgewing en regulasies. | |

**ANDER**

Nie van toepassing nie.

**GOEDKEURING**

Die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 29 tot 45 is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



Me. Jane Stuurman-Moleleki

**REKENPLIGTIGE BEAMPTE:**

**WES-KAAPSE TAALKOMITEE**

**16 MEI 2012**

## 3.3 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE

## VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

### Inleiding

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Taalkomitee, wat die finansiële posisie soos op 31 Maart 2012 toon, uiteengesit op bladsye 29 tot 45, geoudit. Dit toon ook die finansiële prestasieverklaring, verklaring van veranderinge in netto-bates en die kontantvloeirekening vir die jaar geëindig, en die notas, wat uit 'n opsomming van betekenisvolle rekeningkundige beleidsrigtings en ander verduidelikings bestaan.

### Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en regverdige voorstelling van hierdie finansiële state, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standaarde van Algemeen-erkende Rekeningkundige Praktyk (SA Standaarde van AERP), die vereistes van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) (WBOF) en artikel 19(5) van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet Nr. 13 van 1998) (WKPTW) en vir sodanige interne beheer soos bepaal deur die rekenpligtige beampte, om die voorbereiding van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstellings is, of dit weens bedrog of nalatigheid gepleeg is, toe te laat.

### Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om, gebaseer op my oudit, 'n mening uit te spreek oor hierdie finansiële state. Ek het my oudit in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet Nr. 25 van 2004) (WOO), die *Algemene Kennisgewing* wat op grond daarvan uitgereik is en Internasionale Standaarde van Ouditering uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state nie wesenlike wanvoorstellings is nie.

4. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om getuienis oor die bedrae en verklarings in die finansiële state in te win. Die prosedures wat aangewend word, hang af van die ouditeur se besluit, insluitende die assessering van die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, of weens bedrog of weens nalatigheid. Deur sodanige risiko-assesserings te doen, beskou die ouditeur interne beheer as toepaslik vir die entiteit se voorbereiding en regverdige voorstelling van die finansiële state om ouditprosedures te ontwerp wat onder die omstandighede geskik is, maar nie vir die doel daarvan om 'n mening te lug oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook in die evaluering van die geskiktheid van rekeningkundige beleidsrigtings wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige skattings wat deur bestuur gemaak is, asook die evaluering van die oorkoepelende voorstelling van die finansiële state.

5. Ek glo dat die oudit-getuienis wat ek ingewin het, voldoende en geskik is om 'n basis vir my ouditsmening te voorsien.

### Mening

6. Na my mening, verteenwoordig die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Taalkomitee, soos op 31 Maart 2012, en sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, in ooreenstemming met SA Standaarde van AERP en die vereistes van die WFOB en die WWKPT.

## Beklemtoning van saak

7. Ek vestig aandag op die saak hieronder. My mening ten opsigte van hierdie saak het nie verander nie.

## Herplasing van ooreenstemmende syfers

8. Soos genoem in nota 12 by die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2011 weer geplaas as gevolg van foute wat gedurende die 2011-12 boekjaar, in die finansiële state van die Wes-Kaapse Taalkomitee vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 gevind is.

## VERSLAG OOR ANDER REGS- EN REGULATORIESE VEREISTES

9. In ooreenstemming met die WOO en die Algemene Kennisgewing wat daarvolgens uitgereik is, verskaf ek die volgende bevindinge wat toepaslik is vir prestasie aan die hand van voorafbepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies en interne beheer, maar nie om 'n mening te lug nie.

## Voorafbepaalde doelwitte

10. Ek het prosedures uitgevoer om getuienis in te win oor die nut en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasieverslag soos uiteengesit op bladsye 13 tot 15 van die jaarverslag.

11. Die gerapporteerde prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is teen die oorhoofse kriteria van nut en betroubaarheid geëvalueer. Die nut van inligting in die jaarprestasieverslag het betrekking op die nakoming van die Nasionale Tesourie se jaarverslagbeginsels en of die gerapporteerde prestasie met die beplande doelwitte ooreenstem. Die nut van inligting het verder betrekking op die meetbaarheid van aanduiders en teikens (d.i. goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydsgebonde) en toepaslik soos vereis deur die Nasionale Tesourie-raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting.

    Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die gekeurde doelwitte word geassesseer om te bepaal of dit die feite voldoende weerspieël (d.i. of dit geldig, akkuraat en volledig is).

12. Daar was geen wesenlike bevindinge oor die nut en betroubaarheid van die inligting in die jaarprestasieverslag nie.

## Voldoening aan wette en regulasies

13. Ek het prosedures uitgevoer om getuienis te bekom dat die entiteit voldoen aan toepaslike wette en regulasies ten opsigte van finansiële sake, finansiële bestuur en ander verwante sake.

14. Ek het nie enige voorbeelde van wesenlike nie-voldoening aan spesifieke sake in kerntoepaslike wette en regulasies soos uiteengesit in die Algemene Kennisgewing ingevolge die WOO uitgereik, gevind nie.

### Interne beheer

15. Ek het interne beheer as toepaslik beskou vir my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan wetgewing en regulasies.

16. Ek het nie tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer wat deur my as betekenisvol genoeg vir insluiting in hierdie verslag geag is nie.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2012

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

## 3.4 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE soos op 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | **Nota** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Huidige bates** | | | |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | 2 | **5** | - |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 | **131** | 97 |
| **TOTALE BATES** | | **136** | 97 |
| **LASTE** | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | 4 | **3** | 6 |
| **TOTALE LASTE** | | **3** | 6 |
| **NETTO BATES** | | | |
| Opgehoopte surplus | | **133** | 91 |
| **TOTALE NETTO BATES** | | **136** | 97 |

## 3.5 STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | **Nota** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | 5 | **220** | 150 |
| Inkomste uit rente | 5 | **8** | 6 |
| Ander bedryfsinkomste | 5 | **60** | - |
| **TOTALE INKOMSTE** | | **288** | 156 |
| **UITGAWES** | | | |
| Ledegelde | 8 | **(16)** | (18) |
| Administratiewe uitgawes | 9 | **(28)** | (14) |
| Ouditfooie | 6 | **(110)** | (94) |
| Ander bedryfsuitgawes | 10 | **(92)** | (37) |
| **TOTALE UITGAWES** | | **(246)** | (163) |
| **SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR** | | **42** | (7) |

### 3.6 STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | **Opgehoopte surplus R'000** | **Totale Ekwiteit R'000** |
|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2010** | **103** | 103 |
| Regstel van fout | **(5)** | (5) |
| **Soos weer geplaas** | **98** | 98 |
| **Tekort vir die jaar** | **(7)** | (7) |
| **Totale verandering** | **(7)** | (7) |
| **Saldo op 01 April 2011** | **91** | 91 |
| Surplus vir die jaar | **42** | 42 |
| **Totale verandering** | **42** | 42 |
| **Saldo op 31 Maart 2012** | **133** | 133 |

## 3.7 KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | **Nota** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant ontvang | | **275** | 260 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | **(249)** | (169) |
| Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite | 7 | **26** | 91 |
| Rente ontvang | | **8** | 6 |
| Netto kontant-invloeie uit bedryfsaktiwiteite | | **34** | 97 |
| **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | | **34** | 97 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | **97** | - |
| **Totale kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **3** | **131** | **97** |

## 3.8 AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEIDSRIGTINGS

## 1. 1 VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE

Die finansiële state is voorberei in ooreenstemming met die volgende beleidsrigtings, wat in alle wesenlike opsigte konsekwent toegepas is, tensy anders aangedui. Waar egter toepaslik en sinvol, is bykomende inligting verstrek om die nut van die Finansiële State te verhoog en te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Bestuur van Openbare Finansies, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourieregulasies wat ingevolge die Wet uitgereik is.

### 1.1.1 Voorbereidingsgrondslag

Die finansiële state is voorberei volgens die doeltreffende Standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), insluitend enige vertolkings, riglyne en voorskrifte uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Standaarde.

Die finansiële state is voorberei ooreenkomstig die historiese koste-konvensie, behalwe soos aangedui in die rekeningkundige beleidsrigtings hieronder. Hierdie rekeningkundige beleidsrigtings is konsekwent toegepas op alle tydperke wat in hierdie finansiële state verteenwoordig word, tensy anders vermeld. Die AARP-standaarde wat vir die entiteit geld en wat toegepas is, is soos volg:

| AARP Nr. | Beskrywing | AARP | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| AARP 1 | Aanbied van Finansiële State | AARP 11 | Konstruksiekontrakte (soos gewysig in 2010) |
| AARP 2 | Kontantvloeistate | AARP 12 | Inventarisse (soos gewysig in 2010) |
| AARP 3 | Rekeningkundige beleidsrigtings, veranderinge in rekeningkundige beramings en foute | AARP 13 | Huurkontrakte (soos gewysig) |
| AARP 4 | Die gevolge van veranderinge in buitelandse valuta-koerse | AARP 14 | Gebeure ná die verslagdatum |
| AARP 5 | Leenkoste | AARP 16 | Beleggingseiendom (soos gewysig in 2010) |
| AARP 6 | Gekonsolideerde en aparte finansiële state | AARP 17 | Eiendom, masjinerie en toerusting |
| AARP 7 | Beleggings in geassosieerdes | AARP 19 | Voorsienings, gebeurlikheidslaste en gebeurlikheidsbates |
| AARP 8 | Belange in gesamentlike ondernemings | AARP 100 | Nie-huidige bates gehou vir verkope en gestaakte operasies (soos gewysig in 2010) |
| AARP 9 | Inkomste uit wisselkoerstransaksies | AARP 101 | Landbou |
| AARP 10 | Finansiële verslaggewing in hiperinflasionêre ekonomieë (soos gewysig in 2010) | AARP 102 | Nie-tasbare bates |

WES-KAAPSE TAALKOMITEE

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Rekeningkundige beleidsrigtings vir wesenlike transaksies, gebeure of omstandighede nie deur die aanvaarde AARP-standaarde gedek nie, is ontwikkel in ooreenstemming met paragrawe 7, 11 en 12 van AARP 3. Hierdie rekeningkundige beleidsrigtings en die toepaslike openbaarmakings is gebaseer op Internasionale Openbaresektor- rekeningkundige Standaarde (IOSRS) en die Suid-Afrikaanse State van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke (AARP), insluitende enige vertolkings van sodanige state wat deur die Raad vir Rekeningkundige Praktyke uitgereik is.

Die voorbereiding van finansiële state ooreenkomstig AARP vereis dat die bestuur besluite, beramings en veronderstellings maak wat 'n invloed het op die toepassing van beleidsrigtings en gerapporteerde bedrae van bates en laste, inkomste en uitgawes.

Die beramings en veronderstellings is gebaseer op historiese ervaring en verskeie ander faktore wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Die resultate hiervan vorm die grondslag vir uitsprake oor drawaardes van bates en laste wat nie geredelik uit ander bronne blyk nie. Die werklike resultate van hierdie beramings verskil. Die beramings en onderliggende aannames word op 'n volgehoue grondslag hersien. Hersienings van rekeningkundige beramings word aangegee vir die tydperk waarin die beraming hersien is, indien die hersiening slegs op daardie tydperk 'n uitwerking het, of vir die hersieningstydperk en verdere tydperke, indien die hersiening 'n invloed op beide die huidige en toekomstige tydperke het.

### 1.2.1 Standaarde nog nie in werking vir die verslagtydperk nie

Standaarde van AARP wat vroeg aanvaar kan word:

| | |
|---|---|
| AARP 21 | Verswakking van nie-kontantgenererende bates |
| AARP 23 * | Inkomste uit nie-uitruiltransaksies (belastings en oordragte) |
| AARP 24 | Voorlegging van begrotingsinligting in finansiële state |
| GRAP 26 | Verswakking van kontantgenererende bates |
| AARP 103 | Erfenisbates |

*** AARP 23 is vroeg aanvaar.**

AARP-standaarde wat in die ontwikkeling van 'n rekeningkundige beleid gebruik kan word:

| | |
|---|---|
| AARP 25 | Werknemervoordele |
| AARP 104 | Finansiële instrumente |
| AARP 105 | Oordragte van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer |
| AARP 106 | Oordragte van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie |
| AARP 107: | Samesmeltings |

Goedgekeurde AARP-standaarde wat nie van entiteite vereis word om toe te pas nie:

- **AARP 18:** Segmentverslaggewing

Bestuur verwag dat die impak van die implementering van hierdie standaarde geen wesenlike impak op die entiteit sal hê nie.

**1.1.3** Die kontantvloeistaat kan slegs in ooreenstemming met die direkte metode voorberei word.

**1.1.4** Spesifieke inligting is apart op die staat van finansiële posisie aangebied, soos:
(a) ontvangbare rekeninge uit nie-uitruiltransaksies, insluitend belastings en oordragte;
(b) Belastings en oordragte betaalbaar;
(c) handels- en ander betaalbare rekeninge uit nie-uitruiltransaksies.

## 1.2. VOORLEGGINGSGELDEENHEID

Die funksionele geldeenheid van die entiteit is Suid-Afrikaanse Rand. Hierdie finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse Rand voorgelê. Alle bedrae is tot die naaste duisend (1000) Rand afgerond.

## 1.3. AANNAME OMTRENT LOPENDE ONDERNEMING

Hierdie finansiële jaarstate is op die grondslag van 'n lopende onderneming voorberei.

## 1.4. INKOMSTE

Inkomste word volgens die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of ontvang kan word, gemeet. Inkomste word aangeteken wanneer toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik na die entiteit sal vloei en wanneer die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word en daar aan spesifieke kriteria vir die bedrywighede van die entiteit voldoen is. Inkomste uit die lewering van dienste word in surplus of tekort, in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie op verslagdatum, verstrek.

Die bedrag word nie geag redelik meetbaar te wees todat alle gebeurlikhede wat met die transaksie verband hou, in berekening gebring is nie.

### 1.4.1 Inkomste uit nie-uitruiltransaksies

#### 1.4.1.1 Onvoorwaardelike toelaes

'n Onvoorwaardelike toelaag word as inkomste erken wanneer die toelaag ontvang word.

### 1.4.1.2 Voorwaardelike toelaes en ontvangste

Inkomste ontvang uit voorwaardelike toelaes, skenkings en befondsings word as inkomste erken in die opsig dat die entiteit voldoen het aan enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge wat in die ooreenkoms vervat is. Indien die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word dit as 'n las aangedui.

Rente verdien op beleggings word in ooreenstemming met toelae-voorwaardes hanteer. Indien dit aan die toelaagskenker betaalbaar is, word dit as deel van die las aangedui. Indien nie, word dit in die staat van finansiële prestasie as 'rente verdien' aangedui.

Toelaes wat die entiteit vergoed vir uitgawes aangegaan, word verstrek in surplus of tekort op 'n stelselmatige grondslag in dieselfde tydperke as waarin die uitgawes erken word.

### 1.4.1.3 Dienste in natura

Dienste in natura is dienste wat deur individue aan entiteite voorsien word, sonder heffing, maar dit mag onderworpe wees aan stipulasies. Openbare entiteit personeel voorsien waardevolle steun aan die entiteit in die verwesenliking van sy doelwitte; nogtans kan die diens nie betroubaar gemeet word nie en word dit nie erken in die staat van finansiële prestasie of staat van finansiële posisie nie.

Die aard van die diens word verstrek in die notas by die finansiële state, verwante partye.

### 1.4.2 Inkomste uit wisseltransaksies

Inkomste wat uit rente op beleggings en huidige bankrekening verkry is.

### 1.5. BUITELANDSE VALUTA

Transaksies wat in buitelandse valuta benoem is, word omgesit teen die handelskoers wat op die transaksiedatum geldig is. Monetêre items wat in buitelandse valuta benoem is, word omgesit teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geldig is. Winste of verliese wat uit omsetting voortspruit, word teen surplus/tekort gehef.

## 1.6 UITGAWES

### 1.6.1 Finansiële transaksies in bates en laste

Skuld wat as onherwinbaar geïdentifiseer word, word afgeskryf. Skuld wat afgeskryf is, word beperk tot die bedrag van besparing en/of onderbesteding van die toegewese fondse. Die afskrywing vind plaas aan die einde van die jaar of wanneer fondse beskikbaar is.

Geen voorsiening word gemaak vir onherwinbare bedrae nie, maar bedrae word in ’n openbaarmakingsnota vermeld.

Alle ander verliese word verstrek wanneer magtiging daarvoor verkry is.

### 1.6.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die staat van finansiële posisie as ’n bate weergegee totdat die uitgawes van die betrokke persoon herwin is of tot dit in die staat van finansiële prestasie as onverhaalbaar afgeskryf is.

### 1.6.3 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word as ’n uitgawe in die staat van finansiële prestasie verstrek. Indien die uitgawe nie deur die toepaslike gesag goedgekeur word nie, word dit as ’n bate hanteer totdat dit herwin is, of tot dit as onherwinbaar afgeskryf is.

### 1.6.4 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as ’n uitgawe erken wanneer die finale gesag vir betaling op die stelsel toegepas word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

## 1.7. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die finansiële instrumente van die entiteit word as óf finansiële bates óf as laste gekategoriseer.

### 1.7.1 Finansiële bates

'n Finansiële bate is enige bate wat kontant of 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang, behels. Die entiteit het die volgende tipes finansiële bates soos weergegee op die keerkant van die staat van finansiële posisie of in die notas daarby:

- Handel en ander ontvangbare rekeninge
- Kontant en kontant-ekwivalente

In ooreenstemming met IAS 39.09, word die finansiële bates van die entiteit in die kategorieë deur hierdie standaard toegelaat, geklassifiseer:

| Soort finansiële bate | Klassifikasie ingevolge IAS 39.09 |
|---|---|
| Handel en ander ontvangbare rekeninge | Lenings en ontvangbare rekeninge |
| Kontant en kontant-ekwivalente | Lenings en ontvangbare rekeninge |

#### 1.7.1.1 Lenings en ontvangbare rekeninge

Lenings en ontvangbare rekeninge word aanvanklik verstrek teen koste wat billike waarde verteenwoordig. Ná aanvanklike vermelding, word finansiële bates teen geamortiseerde koste gemeet, deur gebruik te maak van die effektiewerente-metode, minus 'n toegewing vir afname.

Lenings en ontvangbare rekeninge word onder bedryfsbates ingesluit, behalwe vir bedrae wat oor 'n tydperk van langer as 12 maande uitkeerbaar is en as nie-bedryfsbates geklassifiseer word.

### 1.7.2 Finansiële laste

'n Finansiële las is 'n kontraktuele verpligting om kontant of 'n ander finansiële bate aan 'n ander entiteit te lewer. Die finansiële laste van die entiteit is handels- en ander betaalbare rekeninge, soos in die staat van finansiële posisie en die aantekeninge daarby aangedui.

Daar is twee hoofkategorieë finansiële laste. Die klassifikasie word gebaseer op hoe hulle gemeet word. Finansiële laste kan gemeet word teen:

- billike waarde deur surplus of tekort; of
- geamortiseerde koste

Finansiële laste wat gemeet word teen billike waarde deur surplus of tekort, word teen billike waarde aangegee. Enige wins of verlies word in die staat van finansiële prestasie verstrek. Enige ander finansiële las moet as 'n finansiële las geklassifiseer word wat nie deur surplus of tekort teen billike waarde gemeet word nie. Dit word aanvanklik gemeet teen billike waarde, netto van transaksiekoste. Ander finansiële laste word vervolgens teen geamortiseerde koste gemeet deur gebruik te maak van die effektiewe-rente-metode, met rente-uitgawe wat op 'n effektiewe-opbrengs-grondslag aangedui word.

## 1.8. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE BERAMINGS EN BESLUITE

Die entiteit maak beramings en veronderstellings ten opsigte van die toekoms. Per definisie sal die gevolglike rekeningkundige beramings selde gelyk wees aan die verwante werklike resultate. Beramings en besluite word voortdurend geëvalueer en is gebaseer op historiese ervaring en ander faktore, insluitend verwagtinge van toekomstige gebeure wat onder omstandighede as redelik geag word. Die beramings en aannames wat so 'n betekenisvolle risiko inhou dat hulle in die daaropvolgende boekjaar 'n wesenlike verandering in die drabedrae van bates en laste kan veroorsaak, word hieronder bespreek.

### 1.8.1 Voorsiening vir waardeverlies van ontvangbare rekeninge

'n Beraming van die waardeverlies van ontvangbare rekeninge word gemaak wanneer invordering van die volle bedrag nie meer 'n waarskynlikheid is nie. Die voorsiening vir skuld weens waardeverlies word slegs op ontvangbare handelsrekeninge bereken. Die entiteit se totale voorsiening vir waardeverlies word per individuele debiteur of ten minste per risikokategorie bereken.

## 1.9. BTW EN MOONTLIKE VRYSTELLINGS

Die entiteit is nie geregtig daarop om as 'n BTW-ondernemer te registreer nie. Indien enige befondsing egter ontvang word wat die entiteit vir moontlike vrystelling laat kwalifiseer, sal 'n aansoek daarvoor voorgelê word.

## FINANSIËLE JAARSTATE
## Vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **2. Handels- en ander ontvangbare rekeninge** | | |
| Handels ontvangbare rekeninge | **5** | - |
| | **5** | - |

Handel en ander ontvangbare rekeninge word as lenings en ander ontvangbare rekeninge geklassifiseer. Die drabedrag van handel en ander ontvangbare rekeninge is min of meer gelyk aan hul billike waarde.

**3. Kontant- en kontantekwivalente**

| | | |
|---|---|---|
| Kontant en kontantekwivalente bestaan uit: | | |
| Kontant voorhande | **-** | - |
| Banksaldo's | **131** | 97 |
| | **131** | 97 |

**Kredietgehalte van kontant in die bank en korttermyndeposito's, uitgesonderd kontant voorhande**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en kort termyn, hoogs likiede beleggings gehou deur geregistreerde bankinstellings met uitkeertye van drie maande of minder en wat onderworpe is aan onbeduidende rentekoersrisiko's. Die drabedrag van hierdie bates is min of meer gelyk aan hulle billike waarde.

| | | |
|---|---|---|
| **4. Handels- en ander betaalbare rekeninge** | | |
| Betaalbare handelsrekeninge | **3** | 6 |
| | **3** | 6 |

Handels- en ander betaalbare rekeninge word as 'n finansiële las geklassifiseer. Die drabedrag van handels- en ander betaalbare rekeninge is min of meer gelyk aan hul billike waarde.

**5. Inkomste**

| | | |
|---|---|---|
| **Inkomste uit nie-uitruiltransaksies** | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | **220** | 150 |
| Ander bedryfsinkomste – Korting: Ouditfooie | **60** | - |
| **Inkomste uit uitruiltransaksies** | | |
| Inkomste uit rente | **8** | 6 |
| | **288** | 156 |

| | | |
|---|---|---|
| **6. Ouditfooie** | | |
| Eksterne oudit | **110** | 94 |
| | **110** | 94 |

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Syfers in Rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **7. Kontant gegenereer uit/ gebruik in bedrywighede** | | |
| Tekort voor belasting | **42** | (7) |
| Aanpassings vir: | | |
| Rente ontvang | **(8)** | (6) |
| | | |
| **Veranderinge in bedryfskapitaal:** | | |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | **(5)** | 110 |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | **(3)** | (6) |
| | **26** | 91 |
| **8. Ledegelde** | | |
| Gelde vir dienste: | | |
| Prof. R. Chetty | **2** | 1 |
| Dr. M Le Cordeur | **4** | 4 |
| N. Mpolweni | **4** | 3 |
| H. Theys | **2** | 3 |
| A. Van Huyssteen | **2** | 2 |
| Z. Wababa | **1** | 2 |
| K Vollenhoven | **1** | 2 |
| E. Sherry | **-** | 1 |
| | **16** | 18 |
| **9. Administratiewe uitgawes** | | |
| Reklame | **-** | - |
| Vermaak | **16** | 9 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | **11** | 4 |
| Bankheffings | **1** | 1 |
| | **28** | 14 |
| **10. Ander bedryfskoste** | | |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste | **65** | 2 |
| Inskrywingsgelde | **2** | - |
| Drukkoste en publikasies | **-** | 12 |
| Honoraria (vrywillige werkers) | **2** | - |
| Vervoer | **2** | - |
| Reis en verblyf | **18** | 20 |
| Kommunikasiekoste | **-** | 3 |
| Toerusting minder as R5000 | **3** | - |
| | **92** | 37 |

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Syfers in Rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

## 11. Verwante partye

**Verhoudings**

| | |
|---|---|
| Hoofbefondser | Departement van Kultuursake en Sport |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Kultuurkommissie |
| Strategiese vennoot | Erfenis Wes-Kaap |
| Sekondêre befondser | Nasionale Tesourie |

**Aard van verhouding**
Beamptes van die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap voer die uitvoerende en administratiewe funksies van die Wes-Kaapse Taalkomitee uit.

Die entiteit benut die kantoorruimte van die Departement van Kultuursake en Sport en het toegang tot die gebruik van hulle bates en die sekuriteitsdiens deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid voorsien.

Die Nasionale Tesourie het die ouditgelde van die Wes-Kaapse Taalkomitee gesubsidieer.

**Transaksies van verwante partye**

| **Inkomste ontvang van verwante partye** | | |
|---|---|---|
| Departement van Kultuursake en Sport | 220 | 150 |
| Nasionale Tesourie | 60 | - |

## 12. Foute uit die voorafgaande tydperk

Die foute uit die voorafgaande periode is heraangedui en het ontstaan uit nuwe inligting wat verkry en in ag geneem is met die voorbereiding en voorlegging van die 2010/11 finansiële state. Die heraanduiding van die foute uit die voorafgaande periode het die volgende wysigings tot gevolg gehad:

**Items geraak in die Staat van Finansiële Prestasie:**

| | **2010/11** | **Herplaas** | **Effektiewe verandering** |
|---|---|---|---|
| Vermindering in uitgawes | 99 | 94 | (5) |

**Items geraak in die Staat van Finansiële Prestasie:**

| | **2010/11** | **Herplaas** | **Effektiewe verandering** |
|---|---|---|---|
| Vermindering in betaalbare rekeninge | 11 | 6 | 5 |

## 13. Risikobestuur

**Markrisiko**
Die entiteit se aktiwiteite stel hom bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: markrisiko (billike waarde rentekoersrisiko, kontantvloei rentekoersrisiko) kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die entiteit is nie blootgestel aan markrisiko nie, omdat binne 30 dae van ontvangs van 'n rekening dit vereffen moet word, soos deur die tesourieregulasies en die WBOF vereis.

**Likiditeitsrisiko**
Likiditeitsrisiko is die risiko dat die Entiteit nie in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge na te kom wanneer dit betaalbaar word nie. Ingevolge sy leningsvereistes, verseker die Entiteit dat voldoende fondse beskikbaar is om sy verwagte en onverwagte finansiële verpligtinge na te kom. Alle uitstaande rekeninge betaalbaar word binne 30 dae vanaf die verslagdatum betaal.

**Sensitiwiteitsontleding**
Indien die rentekoerse op veranderlike koers-finansiële instrumente teen 31 Maart 2012 1% hoër/laer sou gewees het, en al die ander veranderlikes konstant gebly het, sou die jaar se wins na belasting R1 310 hoër/laer gewees het.

**Rentekoersrisiko**
Die entiteit se risikoprofiel bestaan uit vaste en swewende koers-lenings en banksaldo's wat die entiteit blootstel aan billike waarde rentekoersrisiko en kontantvloei rentekoersrisiko en kan as volg opgesom word:

**Finansiële bates**
Handels- en ander ontvangbare rekeninge teen 'n vaste rentekoers. Die bestuur hanteer rentekoersrisiko deur voordelige koerse op swewende koerslenings te beding en waar moontlik gebruik te maak van vaste koers-lenings.

Die bestuur se beleid behels ook die balansering van rente op batelenings met die rente betaalbaar op laste.

### Kontantvloei-rentekoersrisiko

| Finansiële instrument | Lopend | Betaalbaar in minder as 'n jaar | Betaalbaar in een tot twee jaar | Betaalbaar in twee tot drie jaar | Betaalbaar in drie tot vyf jaar | Betaalbaar na vier jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Normale kredietvoorwaardes** | | | | | | |
| **Kontant in huidige bankinstellings** | - | 131 | - | - | - | - |
| **Handels- en ander betaalbare rekeninge** | - | (3) | - | - | - | - |
| **Uitgebreide kredietvoorwaardes** | - | - | - | - | - | - |
| **Netto-bedrag** | - | 128 | - | - | - | - |
| **Reeds betaalbaar, maar nie voor voorsien nie** | - | - | - | - | - | - |

### Kredietrisiko

Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty nie sy/haar kontraktuele verpligtinge sal nakom nie, wat tot finansiële verliese vir die entiteit kan lei. Die entiteit het 'n beleid aanvaar om slegs met kredietwaardige partye sake te doen.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die entiteit deponeer kontant slegs by groot banke met 'n hoë gehalte kredietrekord en beperk blootstelling tot 'n enkele teenparty.

Geen kredietperke is gedurende die verslagtyd oorskry nie, en die bestuur verwag nie enige verliese as gevolg van wanprestasie deur hierdie teenpartye nie.

## Maksimumblootstelling aan kredietrisiko

Die entiteit se blootstelling aan kredietrisiko met betrekking tot lenings en ontvangbare rekeninge is beperk tot die bedrae op die balansstaat (**verwys na Handels- en ontvangbare rekeninge nota**).

## 14. Rekonsiliasie van begroting en kontantvloeistaat

Rekonsiliasie van begrotingsurplus/-tekort met die netto kontant gegenereer uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite.

| Beskrywing | Bedryfsaktiwiteite R'000 | Finansiering R'000 | Belegging R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Wesenlike bedrag soos aangebied in die begrotingstaat | - | - | - | **-** |
| Basisverskille | 2 | - | - | **2** |
| Tydsberekeningsverskille | 32 | - | - | **32** |
| Wesenlike bedrag in die kontantvloeistaat | 34 | - | - | **34** |

## 4. MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR

### 4.1 Taalkomiteelede

**LEDE VIR DIE NUWE AMPSTERMYN VANAF 26 MAART 2009**

Die samestelling van die Wes-Kaapse Taalkomitee is demografies verteenwoordigend van die breër provinsiale taalgemeenskap, naamlik die drie amptelike tale, plaaslike erfenistale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die huidige lede is:

| **Lede wat Afrikaans verteenwoordig** | **Lede wat isiXhosa verteenwoordig** |
|---|---|
| Dr Michael le Cordeur | Zola Wababa (op 28 Junie 2011 bedank) |
| Aletta van Huyssteen | Fundile Majola |
| Kelvin Vollenhoven | Nosisi Mpolweni |
| Hendrik Theys | |
| | |
| **Lede wat Engels verteenwoordig** | **Lid wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal verteenwoordig** |
| Enver Sherry | |
| Prof. Rajendra Chetty | |
| | |
| **Lid wat inheemse tale verteenwoordig** | |
| Magrieta Arries | |

### 4.2 Uitvoering van pligte

Artikel 6 van die Wes-Kaapse Talewet (Wet 13 van 1998) voldoen aan die bepalings van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998) en aan dié van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995). Dit bepaal die volgende:

(1) 'n Komitee bekend as die Wes-Kaapse Taalkomitee word aangestel.

(2) Die Taalkomitee is 'n regspersoon en sal verteenwoordig word deur die voorsitter of enige van sy lede wat deur die Taalkomitee in die algemeen of vir 'n spesifieke doel afgevaardig is.

(3)

(a) Die Taalkomitee bestaan uit 'n maksimum van elf lede, waarvan geeneen voltydse lede mag wees nie, wat verteenwoordigend van die gebruikers van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap moet wees, in die verhouding waartoe hierdie tale as moedertale in die Wes-Kaap gepraat word, met inagneming van streeksvariasies.

(b) Elke lid besit bewese bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale, en een lid sal die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale (erfenistale) van die Wes-Kaap verteenwoordig.

(4) Lede van die Taalkomitee moet:—

(a) Suid-Afrikaanse burgers wees; en

(b) Permanent in die Wes-Kaap woonagtig wees

Ingevolge artikel 12(1) van die Talewet moet die Taalkomitee ten minste vier keer per jaar op 'n tyd en plek deur die Taalkomitee self bepaal, vergader. Die Taalkomitee het vier volle vergaderings tydens die verslagperiode belê, naamlik op 25 Mei 2011, 17 Augustus 2011, 16 November 2011 en 26 Maart 2012.

Ingevolge artikel 7 van die Talewet, stel die provinsiale Minister die lede van die Taalkomitee aan vir 'n periode van drie jaar, volgens die prosedure in subartikel (2) uiteengesit. Volgens subartikel (2) moet die Staande Komitee, op versoek van die toepaslike provinsiale Minister, die publiek uitnooi om mense as lede van die Taalkomitee te benoem, en, met inagneming van die vereistes van artikel 6, 'n kortlys van twintig kandidate op te stel wat aan die provinsiale Minister voorgelê moet word. Die provinsiale Minister stel dan die lede van die Taalkomitee uit die kortlys van kandidate aan. Enige lid van die Taalkomitee mag na verstryking van sy of haar ampstermyn, heraangestel word.

Professionele en administratiewe steun vir die aktiwiteite van die Taalkomitee word deur die Taaldienste-komponent van die Hoofdirektoraat: Kultuursake voorsien. Die komponent bestaan uit vyf taalpraktisyns, 'n administratiewe assistent, twee assistent-direkteure en 'n adjunk-direkteur.

## 5. ANDER INLIGTING

### 5.1 Akronieme

Geen.

### 5.2 Lys van kontakbesonderhede

Quintus van der Merwe
Privaatsak X9067
KAAPSTAD
8000

Monique Coerecuis
Privaatsak X9067
KAAPSTAD
8000

Pamella Ntlokwana
Privaatsak X9067
KAAPSTAD
8000

### 5.3 Bykomende Inligting

Geen.